9 November 2020

Geagte Ds JPA Brink

IS: NG KERK GOUDLAND RAMPHULP SKENKING

Ons storie is ‘n verhaal van hoop, geloof, omgee, liefde en saamstaan, alles onder die vaandel van Manna vir die Boere.

Dit is ‘n rowwe see waarin ons gevaarlik dobber, soms is ons bo en soms is ons onder. Een oomblik bid ons en dan lag ons en dan huil ons onbeskaamd. Die golwe word al hoër, maar nes ons voel ons sink weg, kom daar ‘n boodskap of skenking deur en ons skep weer asem.

Woorde ontbreek ons om ons dank uit te spreek vir die skenking wat ons van julle ontvang het.

Dankie vir julle vertroue in ons as organisasies. Julle hou ons arms in die lug en help ons nie net om ‘n boodskap van HOOP uit te dra na die wêreld nie, maar ook die belangrike boodskap van saamwerk en saam beplan. Ons is gefokus daarop om verligting te bring waar moontlik, op die mees verantwoordelike en koste effektiewe manier. Iets wat ons insiens soveel makliker is as almal hierby betrokke gekoördineerde saamwerk.

Ons sal NOOIT genoeg kan dankie sê nie! Mag julle in oorvloed geseën word!

Alle EER aan ons Hemelse Vader, want alles wat ons is, is net genade.

Groete.

DIE MANNA VIR DIE BOERE SPAN